# GEBEDE WAT BID

## Deel 2 – Die Karakter van ons Gebede

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**As jy 'n middagete kon kry saam met enige belangrike of bekende persoon, wie sou dit wees en wat sou jy vra? Verduidelik jou antwoord.**

**As iemand jou raad sou vra oor hoe om 'n beter gebedslewe te hê, watter raad sou jy gee? Wat het jy al geleer van gebed?**

**Wanneer het jou gebedslewe die sterkste gevoel? Hoekom dink jy was dit so? Wat dink jy het jy in daardie tyd gedoen wat daartoe bygedra het?**

**As iemand jou sou vra, “wat is die ewige lewe?”, wat sou jy antwoord? Hoe sou jy dit definieer?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Johannes 17:3 (Lees die vers in verskeie vertalings). Hoe vergelyk dit wat Jesus hier sê met jou begrip/definisie van die ewige lewe? Watter invloed het dit op jou verhouding met God?**

**1 Johannes 5:20. Hoe sluit hierdie vers aan by bogenoemde? Hoe definieer hierdie vers die ewige lewe?**

**Jeremia 24:7. Hoe dink jy gee God aan ons hierdie insig? Watter rol dink jy kan gebed daarin speel?**

**Matteus 6:33. Hoe speel hierdie vers uit in jou gebedslewe? Watter invloed behoort hierdie konsep te hê in hoe ons bid?**

**Jesaja 42:21, Spreuke 30:5 en Psalm 119:160. Hoe kan hierdie waarhede jou aanmoedig om die beloftes van God oor mense en situasies te bid?**

**Die preek van Sondag het 4 karaktereienskappe van gebed aangeraak: *1) Vloei uit verhouding met God; 2) Vloei uit afhanklikheid van God; 3) Geanker in geloof; en 4) Besorg oor God se agenda*. Watter van hierdie eienskappe het vir jou uitgestaan? Verduidelik.**
**Aan watter van hierdie eienskappe sal jy meer aandag wil gee? Wat kan jy hierdie week doen om daarmee te begin? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun?**

**Vir watter ongelowige mense bid jy tans? Met watter persone bou jy tans verhouding om die liefde van God aan hulle bekend te stel? Indien jy nie tans daarmee besig is nie, vir wie kan jy begin bid?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**